NG GEMEENTE LYTTELTON-OOS

Dissipels wat vrugte dra tot eer van die Vader

SONDAG, 5 MAART 2006

Hartlik welkom in die erediens vanoggend

SONDAG, 5 MAART

Deurkollekte Motorwag

09:00 Erediens: Ds Freddie Schoeman
Tema: *Bou jou verhouding met die Here*
09:00 Kindereredienste
10:30 Erediens: Ds Freddie Schoeman
Tema: *Bou jou verhouding met die Here*
17:30 Jeugdiens (Kategese) Tema: *Bou jou verhouding met die Here*
19:00 Mosaïek

DINSDAG, 7 MAART

09:00 Sustersbiduur/Bybelstudie

WOENSDAG, 8 MAART

17:30 Biduur
19:00 Bedieningskommissie vergadering

SONDAG, 12 MAART

09:00 Erediens: Ds Freddie Schoeman.
Tema: *Verheug jou in God se liefde*
09:00 Kindereredienste
10:30 Erediens: Ds Freddie Schoeman.
Tema: *Verheug jou in God se liefde*
17:30 Jeugdiens (Kategese) Ds Freddie Schoeman. Tema: *Verheug jou in God se liefde*
19:00 Mosaïek

DINSDAG, 14 MAART

09:00 Sustersbiduur/Bybelstudie

WOENSDAG, 15 MAART

17:30 Biduur
20:00 Adoramus

SONDAG, 19 MAART

09:00 Erediens: Ds Freddie Schoeman.
Tema: *Vertrou op God se sorg*

MAANDAG, 20 MAART

Skoolvakansiedag

DINSDAG, 21 MAART

Menseregtedag

NUWE INTREKKERS

Is jy 'n nuwe intrekker? Ons wil jou baie graag ontmoet. Kom ons kry mekaar voor die kansel net na die diens vanoggend verby is.

VOORBIDDING

1. Pieter en Rina Nel (Stasiestraat 1, 664-4941) met Pieter wat 'n operasie ondergaan het (Wyk 11(a).
2. Dries en Rina van der Merwe (Van Riebeeckln 149, 664-2469) met Rina wat tuis aansterk (Wyk 8b).
3. Rina Koch (Delareyweg 51, 664-4665) wat tuis aansterk (Wyk 13c).
4. Die lidmate wat verkies is tot kerkraadslede.

ONTHOU ...

BLOKBYEENKOMS
Blok 2: Vanmiddag bring en braai om 12:00
WOENSDAG, 8 MAART
19:00 Bedieningskommissie vergadering

VERKIES TOT KERKRAAD

Op die Kerkraadsvergadering van 22 Februarie 2006 is die volgende lidmate verkies tot kerkraadslede

As ouderlinge:

DSL de Bruin (Dave), Krugerlaan 187
WHJ Smith (Willie), Hans Strijdomlaan 235
CJL Nel (Johan), Hans Strijdomlaan 51

As Diakens:

PSJvH Grobbelaar (Pieter), DF Malanlaan 59
Jacques Martins (Jacques), Krugerlaan 112

Voorbidding vir hulle word gevra vir leiding en insig in hierdie tyd.

GEMEENTE : BLOKINDELING

* Blok 2: Molteno se suidekant tot Cantonments se noordekant (Vergader Sondag, 5 Maart—bring en braai 12:00)).
* Blok 3: Cantonments se suidekant tot Stasieweg se noordekant (Vergader Sondag, 12 Maart—bring en braai 12:00).
* Blok 4: Stasieweg se suidekant tot Rivierweg asook alle ander lidmatebuite die grense van die gemeente. (Vergader Sondag, 12 Maart—bring en braai 12:00).

(As gevolg van die langnaweek van 18-21 Maart vind die byeekoms vir blokke 3 en 4 gesamentlik plaas).

VERJAARSDAE : 5 TOT 11 MAART 2006

03/05	SANDRA DIPPENAAR	FLEURPARK WS 7	664 2865	03(b)
03/06	NATASCHA SWART	CLIFTON PLACE 17	082 552 3098	14(a)
03/06	JASPER THERON	DE LA REYWEG 35	664 3283	12(c)
03/06	RIA MAREE	FITZPATRICKWEG 21	664 3364	08(a)
03/07	JANNIE LOOTS	CANTONMENTSWEG 23	664 8222	08(c)
03/07	CELESTÉ HAYWOOD	VAN RIEBEECKLN 136	664 2468	08(c)
03/07	GEORG ANDERSON	DF MALANLN 243	664 7937	01(a)
03/08	ESTER OELOFSE	VAN RIEBEECKLN 17	664 8931	12(c)
03/08	DOLF CRAFFORD	HANS STRIJDOMLN 119	664 3093	07(c)
03/09	ERIKA FOURIE	KOL JOHN BLAKESTR 3	082 444 7374	14(a)
03/09	CHARLOTTE CRAFFORD	HANS STRIJDOMLN 182	664 1568	06(a)
03/10	MARIANA STRYDOM	SMUTSLN 208	664 0288	06(e)
03/10	ACHAN LANDMAN	HOFMEYERWEG 10	664 4601	04(a)
03/11	GERRIE SNYMAN	SMUTSLN 236	664 2650	04(a)
03/11	NATASHA GOUWS	STRELITZIA WS 2	664 7605	01(c)

FISIOTERAPEUTE

Ronél van der Westhuizen en Lynette Niemand
(Voorheen van Doringkloof)

NOU BY:

Health Mediese Sentrum, Jeanlaan 258b, Lyttelton, Centurion
(Tussen Gerhard– en Lenchenstraat)

Kontak ons vir algemene fisioterapie-dienste

Tel: 012 664 0617 Ronél 082 678 1353 Lynette: 082 796 9170

WIL U 'N EKSTRA GELDJIE VERDIEN?

Is u 'n **Pensioenaris** wat 'n ekstra geldjie benodig?

Al wat van u vereis word is die volgende:

- Telkom telefoonlyn
- Goeie kommunikasievermoë
- Bietjie verkoopsagtergrond (nie 'n vereiste)

Indien u belangstel, kontak asseblief vir Carine Blignaut:

082 856 7410 of (012) 664 3899

MOSAÏEK DIENS

Musiek • Nadink • Saamkuier

Elke Sondagaand om 19:00

AKSIE TWEE +

Getroudes en gesinne met jong kinders
***26 Maart: Abel Pienaar oor* Harmonie in die huwelik**
23 April: Later bekend
***28 Mei: Johan Herholdt oor* Jou Persoonlikheid en jou Verhoudings**

ADORAMUS

Aanbidding • Stilte • Luister

Woensdagaand 15 Maart om 20:00

JOURNEY

'n Geestelike reis vir na-skoolse jong mense
31 Maart—2 April
(In Engels aangebied)
Kontak Freddie Schoeman 664-3751 of
lyttoos@mweb.co.za

SKOLLIEKAMPE

Skolliekamp?
Dis 'n kamp om matrikulante voor te berei vir die lewe na matriek. Ongeag of jy verder gaan studeer, gaan werk of oorsee gaan, hierdie kamp is die moeite werd!

Wie bied die kampe aan?
Daar is twee kampe: Die een word gereël deur die N G Kerk van Natal (sedert 1967) en die ander een deur die N G Kerk van Oos-Transvaal (sedert 1999)

Wat's in dit vir jou?
• Jy ontmoet baie mense wat jy volgende jaar weer gaan sien by jou werk, koshuis of universiteit of selfs oorsee.
• Jy maak baie nuwe vriende.
• Jy leer hoe werk die koppe van die teenoorgestelde geslag.
• Jy kry gemoedsrus oor wat jy volgende jaar wil doen - swot, werk, oorsee gaan...
• Jy ontmoet studente en jong-werkendes wat reeds is/was waarheen jy nou oppad is.
• Die kos is lekker! Regtig!
• Vra die meer as 7000 skollies wat al gekamp het sedert 1967!

Waarborg
As jy die hele kamp bywoon en nie voel dit was die lekkerste en leersaamste week van jou lewe nie, **gee ons jou geld terug!** Gewaarborg!

Wanneer?
3—10 April 2006 by Kruisrivier kampterrein

Kontak Freddie Schoeman (664-3751) of besoek http://www.skolliekampe.org.za

DIE KEER TOE GOD 'N SKRYNWERKER GEWORD HET

(28) JESUS SE LYDENSWEG

Lees: Jes 53

'n Mens sal nie dink dat lyding 'n normale bestanddeel van die Seun van God se lewe kan wees nie. Veral nie as 'n mens dink an Kersfees en die pragtige liedjies wat gesing word en sprokies wat vertel word nie. Maar Jesus moes met sonde kom handel op 'n baie besondere wyse. Hy moes ly en sterf volgens die Ou Testament.

Sy lewe was een lang lyding. Om die Vaderhuis te verlaat, sy goddelike majesteit neer te lê en 'n mens te word wat in 'n stal gebore word, beteken lyding. Hy wat die mens geskape het, moes deur mense hanteer word. Hy wat die Here van hemel en aarde was, moes mense gehoorsaam. Hy wat gedien moes word, het gekom om te dien. Hy was misken, teengestaan en beskuldig. Hy moes dikwels vlug vir sy lewe. Kan ons die eindelose vernedering en lyding begryp? Maar dit was die weg wat Hy as verlosser van die mensdom moes gaan. Bo en behalwe hierdie lyding was daar die besondere lyding wat op Hom gewag het ter vervulling van die profesie in Jesaja 53. Jesus begin in Mt 16:21 sy dissipels daaraan herinner. Hy moes ly onder die Joodse leiers, sterf en opstaan uit die dood.

Dit het presies net so gebeur. Die Joodse leiers het gemeen dat Jesus se loopbaan beëindig moes word deur sy lewe te beëindig. Een van dieTwaalf was bereid om Hom te verraai. Terwyl die onderhandelinge oor sy verraad aan die gang was, het Hy in Getsemane gebid. Hy het geweet dat die tyd vir sy sterwe aangebreek het maar dit was asof Hy nog nie bereid was daarvoor nie. Ons kan aan baie redes daarvoor dink soos dat Hy nog jonk was en nog jare lank sy goeie werk en onderrig wou voortsit. Tog aanvaar Hy die wil van sy Vader as finaal. Daar in gebed het Hy die oorwinning behaal. Hy ontvang sy dood uit die hand van die Vader en toe Hy daar opstaan was daar vrede in sy hart. Dis nie die boosheid en kwaadwilligheid van mense wat met die kruisiging gaan oorwin nie. Dis die wil van sy Vader. Hy sal sy lyding stilweg dra want dit is die prys vir die verlossing van die mensdom wat Hy moet betaal. Hy moes in die plek van 'n veroordeelde sondaar gaan sterf as teken daarvan dat Hy ons sonde op Hom geneem het sodat ons vergewe en vry kan uitgaan.

VRAAG:

* Wat het Jesus vir jou bereik deur wat Hy gely het?

GEBED:

Ons Vader, ek aanvaar die offer van U Seun as die volkome versoening vir al my sonde. Baie dankie. AMEN.

40 dae

Fokus op jou verhouding met die Here en lewe ‘n oorvloedig lewe

‘n Oorvloedige lewe is ‘n lewe wat oorvloei van *liefe, vrede en vreugde*. Dis ‘n lewe wat *baie* vrugte dra (Joh 15:8); ‘n ryk, vol lewe wat sin maak en betekenis het. Baie mense kies om ‘n saai lewe te leef wat op die ou end geen waarde het nie. Hoekom dan so ‘n lewe leef as die Here vir ons soveel méér in gedagte het? Kom ontdek in drie fokus-tye van 40 dae elk wat dit beteken om ‘n lewe-in-oorvloed te leef! (Joh 10:10)

Ná Woendag se toewydingsgeleentheid skop ons vandag af met die eerste van sewe Sondae in ons 40 dae fokus-tyd. Vandag se tema is inleidend en die volgende vyf Sondae fokus ons op die vyf aspekte van ons verhouding met die Here. Die laaste Sondag vier ons ons verhouding met die Here.

Die temas vir die volgende vyf Sondae is:

- Sondag 12 Maart: *Verheug* jou in die Here se liefde. [Die basis van jou verhouding met die Here.]
- Sondag 19 Maart: *Vertrou* op die Here. [Die konteks van jou verhouding met die Here.]
- Sondag 26 Maart: *Verdiep* jou verhouding met die Here. [Die kern van jou verhouding met die Here.]
- Sondag 2 April: Laat toe dat die Here jou *vernuwe.* [Die potensiaal van jou verhouding met die Here.]
- Sondag 9 April: *Verbind* jou aan die Here se droom vir hierdie wêreld. [Die doel van jou verhouding met die Here.]

Onderliggend aan elkeen van hierdie temas is die vyf waardes van ons gemeente, nl. genade, gemeenskap, gebed, groei, gehoorsaamheid. Hierdie waardes is gekoppel aan die vyf vernaamste take van ‘n gemeente volgens Ef 4:11, nl. sending (apostoliese taak); aanbidding (profetiese taak); gemeenskapsbediening (evangeliese taak); onderlinge versorging (herderlike taak); toerusting (leer-taak).

Dit kan met behulp van die volgende tabel uiteengesit word:

Temas	Waarde	Ef 4:11	Taak	Uitkoms
Verheug (Basis)	Genade	Evangeliste	Gemeenskaps-bediening	Lewensvrede
Vertrou (Konteks)	Gemeenskap	Herders	Onderlinge versorging	Lewenstuiste
Verdiep (Kern)	Gebed	Profete	Aanbidding	Lewenskrag
Vernuwe (Potensiaal)	Groei	Leraars	Toerusting	Lewensvernu-wing
Verbind (Doel)	Gehoorsaam-heid	Apostels	Sending	Lewensver-vulling

Hoe kan ek vir 40 dae lank fokus?

Om gekonsentreerd aandag te gee aan ‘n bepaalde saak is nie altyd eenvouding nie. Daarom wil ons jou help om vir die volgende 40 dae gekonsentreerd aandag te gee aan die belangrikste verhouding van jou lewe, nl. jou verhouding met God. Jy kan op hierdie verhouding fokus deur:

- Ten minste een erediens op ‘n Sondag by te woon vir die volgende sewe Sondae (insluitend vandag).
- In te skakel by ‘n kleingroep wat gedurende die week bymekaarkom en met behulp van riglyne die praktiese implikasies van die boodskap bespreek.
- Elke dag in jou stiltetyd dagstukkies wat elke week beskikbaar gestel sal word te gebruik om oor elke aspek van jou verhouding met die Here na te dink.
- Die week van 9-16 April (die Groot Lydensweek) spesiale tyd te maak om elke aan gedurende die week ‘n erediens by te woon en op die Via Dolorosa (lydensweg) agter Jesus aan te loop. (Sien tabel van datums en tye hieronder.)

Datum	Geleentheid	Opmerkings
9 April om 09:00	Palmsondag	
9 April om 19:00	Diens van duisternis	Fokus op Jesus se lydensweg
10 April om 19:00		Jesus se aktiwiteite op die Maandag (tempelreiniging)
11 April om 19:00		Jesus se aktiwiteite op die Dinsdag (strydgesprekke)
12 April om 19:00		Jesus se aktiwiteite op die Woens-dag (rus, voorbereiding)
13 April om 19:00	Nagmaal	Jesus se aktiwiteite op Donderdag (pasga, voetewas, gevangeneming)
14 April om 09:00	Goeie Vrydag	Kruisiging
15 April om 22:30	Paaswaak	Opstanding
16 April om 09:00	Opstandingsondag	Verskyning aan dissipels